# Voedselinflasie lig sy kop

## Wêreldwye ekonomiese nuus: Maart 2011

**Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB-ekonome**

Voedselpryse styg teen 'n ontstellende tempo en bedreig sowel plaaslike as internasionale inflasiekoerse

Die Voedsel- en Landbou-organisasie van die Verenigde Nasies ('FAO') het onlangs voorspel dat voedselpryse gedurende 2011 dramaties sal styg vanweë swak weerstoestande in baie dele van die wêreld, asook die onrus in die Midde-Ooste wat 'n invloed op verkeer deur die Suezkanaal kan hê.

### Voedselpryse in drie maande met 10% op

Die FAO meet die pryse van 'n kosmandjie wat bestaan uit kommoditeite soos koring, melk, olie en suiker. Die FAO se maandelikse Voedselprysindeks het in Januarie 2011 'n gemiddeld van 230.7 punte behaal, wat 'n styging verteenwoordig vanaf die 223.1 punte in Desember 2010 en 206 punte in November 2010. Tien jaar gelede het die indeks op 90 gestaan. In besonder het die FAO se Graan-prysindeks, wat die pryse van stapelvoedsel soos koring, rys, en mielies insluit, in Januarie tot 'n gemiddeld van 244.8 punte gestyg, wat die hoogste vlak sedert Julie 2008 is.

Die vernaamste oorsake van die styging in voedselpryse is die volgende:

- Stygende verbruik, veral in ontwikkelende lande
- Die toenemende produksie van bio-brandstowwe wat gewasse weg van verbruik af herlei.
- Uiterste weerstoestande wat landbouproduksie affekteer.
- Die verswakking van die Amerikaanse dollar, wat die prys van uitvoerprodukte beïnvloed.

#### *Verbruik neem toe*

Ons het aanvanklik in Augustus 2010 kennis geneem van die wêreldwye styging in voedselpryse. In daardie stadium is die styging voor die deur van spesifieke gebeure gelê, soos wydverspreide brande in Rusland wat daardie land se koringoes geraak het en gelei het tot hoër koringpryse wêreldwyd. Meer onlangse stygings in die pryse van landbouprodukte, insluitend suiker en vleis, het egter in die verbruikersvoedsel-inflasiekoerse van verskeie lande begin weerklank vind – lande soos onder meer China, Indië, die VSA en die eurogebied, waar verbruikersvoedsel-inflasie duidelik aan die styg is.

Namate die ontwikkelende wêreld groei, styg sy verbruik. Namate die lewenstandaarde styg, groei die aanvraag na hulpbronne ook. Met sy bevolking van 1.3 miljard mense is China aan die voorpunt van lande wat beweeg na 'n meer Westerse lewenstyl van materialisme en swaar hulpbronverbruik; met 1.1 miljard burgers is Indië nie ver agter nie. 'n Groeiende middelklas in lande soos China, Indië en olieryke ekonomieë soos Saoedi-Arabië en Rusland dra by tot 'n skerp styging in die vraag na kommoditeite.

#### *Mededinging met bio-brandstowwe*

'n Verdere bydraende faktor is die stygende produksie van bio-brandstowwe om in die groeiende vraag na energie te voorsien namate oliepryse styg. Die produksie van bio-etanol vereis byvoorbeeld suiker en stysel.

Regeringsubsidies het die bio-etanolbedryf baie meer winsgewend gemaak en die uitvloeisel daarvan is ‘n opwelling van groei en uitbreiding in die nywerheid. Boere vind dit meer winsgewend om gewasse vir bio-brandstof te produseer, wat beteken dat al hoe minder grond beskikbaar is vir voedselgewasse.

### *Uiterste weerstoestande*

Uiterste weerstoestande in talle dele van die wêreld vererger die situasie verder. In die noordooste van Australië het vernietigende vloede byvoorbeeld gewasse uitgeroei. In die noordelike halfrond word sneeurampe ervaar van die VSA en Europa tot by China en Mongolië. Brittanje ervaar die koudste winter sedert 1683, trouens dit is byna die snerpendste in nagenoeg 1 000 jaar! Die koue raak die landbousektor regstreeks, soos ook die geval is met vloede, droogtes en hitte.

### *Dollar prysvasstelling*

Nog ‘n leidende faktor is die verswakking van die Amerikaanse dollar, wat voortdurend die pryse van byna alle landboukundige en nie-landboukundige kommoditeite beïnvloed. Die styging in die internasionale pryse van voedselkommoditeite, waarvan almal in die tweede helfte van 2010 opgeloop het, het aan die algehele voedselinvoer-rekening vir 2010 stukrag gegee.

## Uitwerking op Suid-Afrika

Suid-Afrikaners kan nie verwag om aan voedselinflasie te ontsnap nie, veral as die rand voortgaan om te verswak en die olieprys bly styg. Gevolglik is daar nou die verwagting dat Suid-Afrika se voedselinflasie voor die jaareinde deur die 10%-vlak (jaar-op-jaar) gaan breek. Daar is selfs die moontlikheid dat pryse nog hoër kan styg.

Soos verwag sou kon word, sal dit in 2011/2012 ‘n beduidende uitwerking op Suid-Afrika se algehele inflasiekoers hê. (Voedsel het in die Verbruikersprysindeks ‘n gewig van 14.27%).

Deur ‘n paar basiese aannames te gebruik, kan ons die tipe uitwerking wat hoër voedselinflasie op Suid-Afrika se algehele inflasiekoers sal hê, vooruitskat. Indien:

- SA se voedselinflasie teen die einde van 2011 tot bokant 10%j/j styg, en
- Die rand teen die jaareinde tot rondom R7.70/$ verswak, en
- Die olieprys rondom $100/vat bly,

dan is dit uiters waarskynlik dat Suid-Afrika se inflasiekoers voor die einde van die jaar deur die vlak van 6% sal breek.

Die vergelyking is eenvoudig: voedsel is ‘n relatief onbuigsame kommoditeit in terme van aanvraag. Mense moet eet, ongeag van hoe swak dit met die ekonomie gaan. Derhalwe kan aanvraag basies aan die grootte van die wêreldbevolking gemeet word. Dus, namate die aanvraag konstant bly en die verskaffingsdruk voortdurend verswak, sal voedselpryse net in een rigting kan beweeg en dis opwaarts.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*